

HOOFSTUK 5

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 Inleiding

Daar is in hierdie studie gefokus op die implementering van gemeenskapsonderwys aan tegniese kolleges met spesifieke verwysing na die taak van die prinsipaal met betrekking tot gemeenskapsonderwys (vgl. 2.1). Afgesien van die literatuurstudie (vgl. Hoofstukke 2 en 3) is die prinsipale, adjunkhoofde en afdelingshoofde van tegniese kolleges ook by die empiriese ondersoek (vgl. Hoofstuk 4) betrek.

Met die literatuurstudie is daar in die eerste plek gepoog om die begrip gemeenskapsonderwys deeglik te ontleed en saam te vat. Die implementering van gemeenskapsonderwys as proses het aandag geniet terwyl daar na die rol van die tegniese kollege as sentrum vir gemeenskapsonderwys of gemeenskapskollege verwys is (vgl. Hoofstuk 2).

In Hoofstuk 3 is bepaalde bestuursimplikasies wat verband hou met die implementering van gemeenskapsonderwys aan die tegniese kollege bespreek. Bestuursareas wat in hierdie verband in besonderhede bespreek is, is die volgende (vgl. 3.3.1):

- Oorhoofse bestuur
- Onderwysprogrambestuur
- Personeelbestuur
- Gemeenskapsbetrekkings
- Fasiliteite
- Finansiële bestuur

- Administrasie.

Die empiriese ondersoek is in Hoofstuk 4 behandel. Die siening van bestuurspersoneel (prinsipale, adjunkhoofde en afdelingshoofde) met betrekking tot die taak van die prinsipaal, die stand van gemeenskapsonderwys aan kolleges en die houding van die prinsipaal en lektore teenoor gemeenskapsonderwys is in hierdie hoofstuk saamgevat.

Op grond van die literatuurstudie in Hoofstukke 2 en 3 en die empiriese ondersoek is dit moontlik om sekere gevolgtrekkings en aanbevelings oor die implementering van gemeenskapsonderwys aan tegniese kolleges, sowel as die taak van die prinsipaal met betrekking tot gemeenskapsonderwys te maak.

In hierdie hoofstuk word sekere gevolgtrekkings op grond van die literatuurstudie en die empiriese ondersoek opgesom en saamgevat. Sekere bestuursareas ten opsigte van die tegniese kollege, wat relevant is met betrekking tot die implementering van gemeenskapsonderwys is in Hoofstuk 3 geïdentifiseer (vgl. 3.3.1). Die gevolgtrekkings en aanbevelings wat in hierdie afdeling bespreek word, word op genoemde bestuursareas gebaseer.

5.2 GEVOLGTREKKINGS

5.2.1 Gevolgtrekkings op grond van die literatuurstudie

Gemeenskapsonderwys is 'n omvattende begrip wat uitgebreide leer- en onderwysgeleenthede aan lede van die gemeenskap bied (vergelyk 2.2.4). In die huidige Suid-Afrikaanse konteks is die kliënte van gemeenskapsonderwys, wat veral uit die agtergeblewe en minder-bevoorrigte sektor van die gemeenskap kom, besonder relevant (vgl.

2.2.6).

Beginsels onderliggend aan gemeenskapsonderwys, soos geïdentifiseer en bespreek in Hoofstuk 2, word verantwoord in die gemeenskapsonderwysproses en die aanbieding van gemeenskaps-
onderwysprogramme (vgl. 2.2.2). So ook die doelstellings met gemeenskapsonderwys, veral die beklemtoning van die sosio-
ekonomiese opheffing van die gemeenskap (gemeenskapsontwikkeling)
deur gesamentlike probleemoplossing en betekenisvolle deelname
deur lede van die gemeenskap (vgl. 2.2.3). Die rolspelers wat as
agente van gemeenskapsonderwys kwalifiseer, sowel as die kliënte
van gemeenskapsonderwys word in die proses geïdentifiseer en by
die proses betrek.

In die praktyk kry gemeenskapsonderwys gestalte deur proses,
struktuur en gemeenskapsonderwysprogramme. Die gemeenskaps-
onderwysproses is 'n proses van interaksie en interpersoonlike
verhoudinge tussen agente en kliënte van gemeenskapsonderwys
(vgl. 2.3.2). Die struktuur vir gemeenskapsonderwys bestaan uit
'n gemeenskapsleersentrum, 'n direkteur vir gemeenskapsonderwys,
adviesrade en hulpbronne, menslike, fisiese en finansiële
hulpbronne (vgl. 2.3.3). Gemeenskapsonderwysprogramme as produk
van die proses is gerig op die beleefde geïdentifiseerde
behoefte van die kliënte van gemeenskapsonderwys. Die
ontwikkeling en ontwerp van onderwysprogramme word gevolglik
gedoen op grond van deeglike en omvattende behoeftebepaling. Die
beginsel van deelnemende demokrasie word ook in hierdie opsig as
vereiste gestel (vgl. 2.3.4).

Uit die literatuurstudie is dit duidelik dat daar wel 'n behoefte
aan gemeenskapskolleges as leweringsstelsel vir gemeenskaps-
onderwys in Suid-Afrika bestaan. Die gedagte aan gemeenskaps-

kolleges in Suid-Afrikaanse konteks is dus nie iets nuut nie terwyl daar veral na die VSA-model van die gemeenskapskollege verwys word (vgl. 2.6).

Die funksies van die gemeenskapskollege word soos volg samgevat:

- Om onderwys meer toeganklik vir die breë gemeenskap te maak.
- Om beroepsopleiding te voorsien en om aan die mannekragbehoefte van die gemeenskap te voorsien.
- Om gemeenskaps-, lewenslange en volwasse onderwys te voorsien (vgl. 2.5.2.1).

Die gemeenskap kry op gestruktureerde wyse die geleentheid om te deel in die bestuur van die gemeenskapskollege (vgl. 2.5.2.2). Gemeenskapsonderwys kan op verskeie maniere binne die organisasiestruktuur van die gemeenskapskollege geakkommodeer word. Die unieke omstandighede van die kollege en die gemeenskap sal bepaal watter opsie uitgeoefen word (vgl. 2.5.2.3). Belangrike kenmerke van die gemeenskapskollege is die toeganklikheid van die kollege, die heterogene samestelling van die studente, aanpasbaarheid van die instellings, omvattende kurrikula om aan die gemeenskap se behoeftes te voldoen, desentralisasie en die maksimale benutting van hulpbronne (vgl. 2.5.2.4).

In hierdie opsig is die moontlikheid van tegniese kolleges as gemeenskapskollege relevant. Die totale opset van die tegniese kollegestruktuur in Suid-Afrika is van so 'n aard dat tegniese kolleges 'n betekenisvolle bydrae tot die implementering en aanbieding van gemeenskapsonderwys kan lewer. Aspekte wat egter in die besonder aandag moet geniet, is die politieke en

akademiese aanvaarbaarheid van hierdie instellings (vgl. 2.7.5).

Die relevante bestuursimplikasies ten opsigte van die implementering van gemeenskapsonderwys aan tegniese kolleges is in Hoofstuk 3 bespreek en kortliks saamgevat:

*** Oorhoofse bestuur**

Dit is noodsaaklik dat die *belanghebbende partye* by die tegniese kollege as gemeenskapskollege geïdentifiseer word en by die gemeenskapsonderwysproses betrek word (vgl. 3.2). Hierdie partye moet op sinvolle wyse inspraak verkry in die beheer en bestuur van die kollege wat ook medeverantwoordelikheid vir die beheer en bestuur van die kollege impliseer (vgl. 3.3.2.1).

Beleidsbepaling ten opsigte van gemeenskapsonderwys is onontbeerlik vir die instelling wat gemeenskapsonderwysprogramme aan lede van die gemeenskap wil aanbied. 'n Ondubbelsinnige beleid ten opsigte van missie, doelstellings en doelwitte met betrekking tot gemeenskapsonderwys sal rigting en grense aan die kollege se opdrag om gemeenskapsonderwys aan te bied, daarstel (vgl. 3.3.2.2).

Laastens is dit nodig dat gemeenskapsonderwys op sinvolle wyse in die organisasiestruktuur van die kollege geakkommodeer word (vgl. 3.3.2.3).

*** Onderwysprogrambestuur**

Behoeftebepaling word as voorvereiste vir die ontwerp van gemeenskapsonderwysprogramme daargestel. Die nodige kennis, vaardigheid en beskikbare hulpbronne, nie net met die oog op

behoeftebepaling nie, maar ook met die oog op die totale proses van programontwerp en implementering, binne die kollegestruktuur is 'n voorvereiste (vgl. 3.3.3.1).

*** Personeel**

Die *beskikbaarheid* van personeel met die nodige kennis, ondervinding en vaardighede is 'n vereiste vir die aanbieding van gemeenskapsonderwys. In hierdie opsig moet die bestuur van die tegniese kollege kyk na 'n *netwerk van plaaslike kundiges* wat 'n bydrae tot gemeenskapsonderwys kan lewer. Die skoling, spesifiek andragogiese skoling, van personeel is 'n verdere voorvereiste vir die implementering van gemeenskapsonderwys (vgl. 3.3.4).

*** Gemeenskapsbetrekkings**

Gemeenskapsbetrekkings hou verband met gemeenskapsdiens wat die kollege as gemeenskapsleersentrum aanbied en reklame wat gedoen moet word vir die kollege in die algemeen, maar ook vir gemeenskapsonderwysprogramme in die besonder. Goeie gemeenskapsbetrekkings het dus ook invloed op die operasionele sukses van die gemeenskapsleersentrum. 'n *Doelgerigte bemarkings- en gemeenskapsbetrekkingsstrategie* is dus noodsaaklik (vgl. 3.3.5).

*** Fisiese fasiliteite**

Daar is bevind dat die volgende aspekte belangrik is: die beskikbaarheid van voldoende fasiliteite, die maksimale benutting daarvan en die toeganklikheid van fasiliteite wat verder verhoog word deur die beginsel van desentralisasie. Die voorkoms van fisiese fasiliteite is ook besonder relevant (vgl. 3.3.6).

*** Finansiële hulpbronne**

'n Duidelik geformuleerde *finansiële beleid* moet onder andere voorsiening maak vir die identifisering en mobilisering van finansiële hulpbronne. Dit is verder belangrik dat gemeenskaps-
onderwysprogramme *bekostigbaar* is, veral gesien teen die agtergrond van die kliënte van gemeenskapsonderwys (vgl. 3.3.7).

*** Administrasie**

Die administrasie van die gemeenskapsleersentrum moet gekenmerk word deur gerieflike en maklike *prosedures*, wat ook toeganklik vir voornemende studente sal wees, terwyl daar 'n oop, nie-burokratiese *atmosfeer* heers (vgl. 3.3.8).

*** Organisasieklimaat**

Laastens is dit bevind dat daar 'n bepaalde organisasieklimaat geskep moet word waarin leerders veiligheid, besorgdheid, aanvaarding, vertroue, respek en begrip beleef (vgl. 3.3.9).

5.2.2 Gevolgtrekkings op grond van die empiriese ondersoek

Die empiriese ondersoek het op drie aspekte gefokus, naamlik:

- die taak van die prinsipaal met betrekking tot gemeenskapsonderwys, soos gesien deur prinsipale en lektore,
- die huidige stand van gemeenskapsonderwys aan tegniese kolleges, soos ervaar deur prinsipale en lektore, en
- die houding van prinsipale en lektore teenoor gemeenskapsonderwys.

Vrae met betrekking tot die taak van die prinsipaal en die stand van gemeenskapsonderwys het die geleentheid gebied om te kontroleer of die aspekte wat in die literatuurstudie as bestuursareas en -take geïdentifiseer is, wel realiseer in die praktyk. Vanuit die ondersoek kan daar ook bepaal word wat die houding van prinsipale en lektore teenoor gemeenskapsonderwys is, wat uiteraard ook die implementering van gemeenskapsonderwys aan tegniese kolleges sal beïnvloed.

5.2.2.1 Demografiese besonderhede

Hoewel die meerderheid prinsipale (94,3%) tussen 6-21 jaar diens aan 'n tegniese kollege het, het 'n beduidende getal prinsipale relatief min ervaring as prinsipaal. Slegs 27,8% van die prinsipale het meer as 6 jaar ervaring as prinsipaal, terwyl 44,5% slegs 1 jaar ondervinding het. Hierby is 33,3% prinsipale in waarnemende hoedanigheid aangestel (vgl. 4.8.1). Hier-teenoor blyk dit dat die bestuurspersoneel van die kolleges meer gevestig is in die bepaalde sektor van die onderwys (vgl. 4.8.2).

Dit blyk dat 38,9% van die kolleges minder as 400 studente (voltydse ekwivalent) akkommodeer, terwyl al die kolleges aandui dat hulle in stedelike of semi-stedelike gebiede geleë is (vgl. 4.8.3). Die vraag ontstaan hier in watter mate die kolleges toeganklik is vir die studente, of daar genoegsame fasiliteite beskikbaar is en of die fasiliteite wel maksimaal benut word.

Studentegetalle vir nie-formele kursusse dui op 0-100 by 61,1% van die kolleges en 200-300 by 22,2% van die kolleges (vgl. 4.8.3). Hierdie syfers is relatief klein gesien in die lig van die behoefte aan onderwys en gemeenskapsonderwys in die algemeen soos geïdentifiseer in die literatuur.

Die kurrikulum van die kolleges bestaan hoofsaaklik uit onderrigprogramme in sake studies, ingenieur studies en algemene studies. Programme in algemene studies wat dui op onderrigprogramme soos kuns, drama, voedseldiensbestuur, haarversorging en educare word by slegs 38,8% van die kolleges aangebied. Die praktiese opleiding by 83,4% van die kolleges dui op die potensiaal van tegniese kolleges om onderwys en opleiding in vaardighede aan te bied (vgl. 4.8.3).

Uit die empiriese ondersoek blyk dit dat 94,4% van die kolleges wel oor kollegerade beskik, terwyl 83,4% van die prinsipale meen dat die kollegerade bevredigend funksioneer. Die verteenwoordiging van die breë gemeenskap op die kollegerade dui egter op 'n relatief lae frekwensie, redelike mate 33,3% en slegs 38,9% in 'n baie groot mate (vgl. 4.8.4, Tabel 4.9).

5.2.2.2 Gemeenskapsonderwys

Hoewel geensins op volledigheid aanspraak gemaak word nie, blyk dit uit die ondersoek dat die take van die prinsipaal, soos getoets in die vraelys (vgl. Tabelle 4.7 en 4.8) wel deur die respondente bevestig word. Daar bestaan geringe verskille in die siening van die prinsipale teenoor die siening van die senior personeel (adjunk- en afdelingshoofde) (vgl. 4.8.5.1). Die bepaalde bestuursareas, soos verteenwoordig deur die take, gee dus 'n aanduiding van die taak van die prinsipaal en dien as basis vir die implementering van gemeenskapsonderwys.

5.2.2.3 Die stand van gemeenskapsonderwys aan tegniese kolleges

Daar is 'n beduidende verskil tussen die siening van die respondente met betrekking tot die taak van die prinsipaal, met

ander woorde, soos dit behoort te wees, en die huidige stand soos deur hulle ervaar. Ten opsigte van elke bestuurstaak is dit duidelik dat die huidige stand van gemeenskapsonderwys negatief vergelyk met dit wat deur die respondente as die ideaal beskou word (vgl. 4.8.5.1, 4.8.5.2).

5.2.2.4 Die houding van prinsipale en lektore teenoor gemeenskapsonderwys

Volgens beide groepe respondente behoort gemeenskapsonderwys deel van die missie van die tegniese kollege te wees, maar dit moet slegs 'n sekondêre funksie van die tegniese kollege wees. Dit blyk egter dat gemeenskapsonderwys die kollege moontlik kan dwing om op te veel terreine te beweeg. Gemeenskapsonderwys bied egter die kollege die geleentheid om gemeenskapsdiens te lewer (vgl. 4.8.5.3).

5.3 AANBEVELINGS

5.3.1 Oorhoofse bestuur

Aspekte wat aandag geniet onder oorhoofse bestuur, is die beheerstruktuur van die kollege, beleidbepaling en organisering.

5.3.1.1 Die beheerstruktuur

Die belanghebbende partye by gemeenskapsonderwys, en dus ook by die aktiwiteite van die kollege, moet in die beheerstruktuur van die kollege verteenwoordig word. Daar moet aan die bestuursverwagtinge van die gemeenskap voldoen word. Die beginsel van gemeenskapsbetrokkenheid en deelnemende demokrasie moet gevolglik in die beheerstruktuur van die kollege verantwoord word.

Die samestelling van kollegerade, die wyse van benoeming, aanstelling of verkiesing van raadslede om aan genoemde beginsels en vereistes te voldoen, sal aandag moet geniet vir die suksesvolle implementering van gemeenskapsonderwys. So ook moet die magte en bevoegdhede van die rade duidelik geformuleer word.

Die prinsipaal moet 'n sentrale rol speel in die identifisering van belanghebbendes by die tegniese kollege as gemeenskapskollege, en leiding gee aan raadslede met betrekking tot die funksie, magte en bevoegdhede van die raad.

Om gemeenskapsbetrokkenheid verder te laat realiseer, word die instelling en funksionering van staande komitees of adviesrade, waar van spesialiskennis en -vaardighede uit die gemeenskap gebruik gemaak word, aanbeveel.

5.3.1.2 Beleidsbepaling

'n Noukeurig geformuleerde missie, doelstellings en doelwitte met betrekking tot gemeenskapsonderwys is as vereiste geïdentifiseer (vgl. 3.3.2.2). Teen die agtergrond van die missie van die tegniese kollege wat hoofsaaklik op beroepsonderwys fokus, is 'n duidelike missie vir gemeenskapsonderwys noodsaaklik. Die missie moet aan die gemeenskap gekommunikeer word, sodat die gemeenskap weet wat die kollege kan doen, en wat nie.

Gesien teen die agtergrond van die feit dat die respondente in die empiriese ondersoek aandui dat gemeenskapsonderwys 'n sekondêre funksie van die kollege behoort te wees, is duidelike en noukeurige beleidformulering 'n noodsaaklike vertrekpunt vir die implementering van gemeenskapsonderwys aan die tegniese kollege.

Die formulering van die missie van die kollege, en dus ook vir gemeenskapsonderwys, behels 'n bepaalde proses wat deur die prinsipaal, as hoof- uitvoerende beampte van die kollege, gekoördineer moet word.

5.3.1.3 Organisering

In 2.5.4 is verskeie opsies vir die organisering van gemeenskaps- onderwys aan die tegniese gemeenskapskollege bespreek. Uit die empiriese ondersoek word dit bevestig dat gemeenskapsonderwys wel 'n eie of spesifieke plek in die organisasiestruktuur van die kolleges het. Dit is onwaarskynlik dat gemeenskapsonderwys aan elke kollege op dieselfde wyse georganiseer sal word, aangesien elke kollege uniek is en hom in 'n unieke gemeenskap bevind.

Die prinsipaal sal egter in oorleg met die bestuur van die kollege 'n spesifieke plek vir gemeenskapsonderwys in die organisasiestruktuur van die kollege moet toeken. Slegs dan kan pligte en verantwoordelikhede ten opsigte van gemeenskapsonderwys na behore gedelegeer en uitgevoer word.

5.3.2. Onderwysprogrambestuur

In hierdie afdeling is behoeftebepaling in die besonder beklemtoon. Dit is duidelik dat behoeftebepaling op 'n deurlopende basis gedoen moet word. Aspekte wat in hierdie opsig van belang is, is die nodige kennis en vaardighede van prinsipale en kollegepersoneel ten opsigte van behoeftebepaling, die beskikbaarheid van hulpbronne en die betrokkenheid van die gemeenskap.

Koördinasie met ander instellings om duplisering te voorkom, is nodig, en 'n belangrike taak van die prinsipaal (vgl. 4.8.4).

Sodoende laat die prinsipaal reg geskied aan die beginsels van maksimale benutting van hulpbronne en interinstitusionele samewerking en koördinasie. In hierdie opsig blyk dit dat daar wel ruimte is vir verhoogde koördinasie met ander organisasies en instansies deur prinsipale (vgl. 4.8.4; Tabelle 4.8 en 4.10).

Die prinsipaal moet as onderwysdeskundige op hoogte wees met die beginsels van programontwerp, om effektiewe en sinvolle leiding te kan gee.

Programevaluering moet op 'n deurlopende basis gedoen word. Hierdeur word bepaal of die doelstellings met die program bereik is.

5.3.3 Voorligting

Die kollege moet 'n omvattende voorligtingsdiens aan die gemeenskap lewer, bv. persoonlike voorligting, studieleiding, beroepsvoorligting (vgl. 3.3.3.3). Die ontwikkeling van 'n netwerk van voorligtingsdienste sal bydra tot verhoogde toeganklikheid asook 'n betekenisvolle gemeenskapsdiens; dus ook gemeenskapsontwikkeling.

5.3.4 Personeel

Dit is die taak van die prinsipaal om die personeel met die nodige kwalifikasies, vaardighede en ondervinding te werf. Die prinsipaal moet 'n netwerk van beskikbare personeelbronne ontwikkel. Opleiding van personeel, spesifiek ten opsigte van die beginsels van gemeenskapsonderwys en die andragogiese skoling van personeel is 'n belangrike taak van die prinsipaal.

5.3.5 Gemeenskapsbetrekkings

Omdat gemeenskapsonderwys gebaseer is op die beginsels van gemeenskapsbetrokkenheid, gemeenskapsontwikkeling en gemeenskapsbehoefte, is die stig en instandhou van gesonde en effektiewe gemeenskapsbetrekkings van die uiterste belang as taak van die prinsipaal.

Kommunikasie met die gemeenskap is noodsaaklik. Die missie, doelwitte en doelstellings van die kollege moet aan die gemeenskap gekommunikeer word, die gemeenskap moet ingelig wees omtrent die aktiwiteite van die kollege. Die nodige reklame moet vir gemeenskapsonderwysprogramme gedoen word. Die kollege moet geleenthede benut om gemeenskapsdiens te lewer en so betrekkings met die gemeenskap uit te bou.

Die prinsipaal het 'n belangrike funksie as hoofskakelbeampste van die kollege. Die rol wat die belanghebbende partye in hierdie verband kan speel, moet ten volle benut word.

5.3.6 Fisiese fasiliteite

Fasiliteite moet maksimaal benut word. Desentralisasie van fasiliteite is noodsaaklik om verhoogde toeganklikheid te verseker. Die invloed wat die voorkoms van fisiese fasiliteite op die organisasieklimaat het, moet deurlopend in gedagte gehou word.

5.3.7 Finansies

Finansiële hulpbronne moet geïdentifiseer en gemobiliseer word om gemeenskapsonderwysprogramme te laat realiseer.

5.4 SLOT

In hierdie studie is gemeenskapsonderwys as moontlike lewering-sisteem en raamwerk vir die uitbreiding van leer- en onderwysgeleenthede aan veral die minderbevoorregte en agtergeblewe gemeenskappe ondersoek. Drie aspekte ten opsigte van die begrip gemeenskapsonderwys is beklemtoon, naamlik (a) gemeenskaps-
onderwys as proses, (b) die struktuur vir die implementering en aanbieding van gemeenskapsonderwys en (c) gemeenskapsonderwys-programme.

Dit is duidelik dat die beginsels onderliggend aan gemeenskaps-
onderwys telkens verantwoord moet word. Die onderwysleier moet in die besonder op hoogte wees met die beginsels van gemeenskaps-
onderwys. Daar moet duidelik onderskei word tussen proses en program. Die feit dat 'n instelling soos die tegniese kollege 'n onderrigprogram of -programme aanbied wat sou kon kwalifiseer as gemeenskapsonderwys, beteken nie noodwendig dat gemeenskaps-
onderwys realiseer nie. Die onderwysprogram aan die kollege moet die produk wees van die gemeenskapsonderwysproses.

Gemeenskapsonderwys vereis 'n bepaalde struktuur met die klem op 'n gemeenskapsleersentrum of gemeenskapskollege met 'n spesifieke beheerstruktuur, 'n direkteur vir gemeenskapsonderwys en adviesrade.

In hierdie studie is daar in besonderhede gekyk na die funksies en eienskappe van die gemeenskapsleersentrum/gemeenskapskollege. Daar is ook veral gekyk na die moontlike omskepping van die tegniese kollege tot gemeenskapskollege met verwysing na die bestuursimplikasies wat in die proses aandag moet geniet. Dit blyk dat die tegniese kollege as gevestigde instelling in die

onderwysstruktuur in Suid-Afrika reeds geïdentifiseer is vir die aanbieding van gemeenskapsonderwysprogramme.

In die ondersoek is daar gefokus op die tegniese kolleges verbonde aan die voormalige Departement van Onderwys en Opleiding. Hierdie kolleges is geleë in die tradisioneel swart gemeenskappe waar daar 'n groot onderwysagterstand ervaar word. Dit blyk dat hierdie tegniese kolleges reeds in 'n mindere of meerdere mate betrokke is op die gebied van gemeenskapsonderwys. Dit is egter duidelik uit die ondersoek dat die huidige stand van gemeenskapsonderwys nie aan die ideale situasie voldoen nie.

Die kolleges beskik egter oor 'n breë kurrikulum veral ten opsigte van formele onderrigprogramme. Hierdie instellings het ook die nodige infrastrukture en kundigheid om die nodige aanpassings met die oog op gemeenskapsonderwys te doen. Die gedagte om tegniese kolleges te omskep tot gemeenskapskolleges, het dus meriete.

'n Duidelike en ondubbelsinnige beleid deur die onderwysowerhede op nasionale sowel as provinsiale vlak is egter 'n vereiste. Tegniese kolleges word tans hoofsaaklik volgens wetgewing uit die grondwetlike bedeling vóór 27 April 1994 bestuur. Nuwe en toepaslike wetgewing wat voorsiening maak vir wettige en legitieme beheerstrukture is nodig. Daar moet voorsiening gemaak word vir sinvolle gemeenskapsbetrokkenheid sodat aan die bestuursverwagtinge van die gemeenskap kan voldoen word. Vanuit hierdie posisie kan formele beleid op kollegevlak geformuleer word sodat gemeenskapsonderwys binne die raamwerk van 'n noukeurig geformuleerde *missie, doelstellings* en *doelwitte* geïmplementeer en aangebied word.

Afgesien van wetgewing moet die onderwysowerhede ook voorsiening maak vir die finansiële implikasies wat die omskepping van die tegniese kolleges tot gemeenskapskolleges inhou. In hierdie opsig is die befondsing van addisionele hulpbronne, menslike sowel as fisiese hulpbronne, 'n belangrike aspek wat deur die owerhede aangepak moet word.

Dit is duidelik dat gemeenskapsonderwys 'n besondere uitdaging, maar ook besondere geleentheid aan die prinsipaal van die tegniese kollege bied. Binne die raamwerk wat gemeenskaps-
onderwys bied, kan tegniese kolleges uitgebou en omskep word tot relevante onderwysinstellings wat afgestem is op die leer- en onderwysbehoefte van die gemeenskap.